**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**MUSIEK SG**
**(Tweede Vraestel: Musiekgeskiedenis en Vorm)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

- Vraag 1 is VERPLIGTEND.
- Beantwoord enige TWEE vrae uit Vraag 2, 3 en 4.
- Antwoorde moet duidelik en korrek in die antwoordboek genommer word.
- Skryf netjies en in ink.

---

## VRAAG 1
## VERPLIGTEND

1.1 Die volgende verteenwoordig die uiteensetting van 'n driestemmige fuga in F majeur. Voorsien die ontbrekende inligting by (a) tot (l) wat die volgende insluit:

- een antwoord
- een onderwerp (tema)
- drie intredes van die teenonderwerp (kontratema)
- twee vry kontrapunt intredes
- een kodetta
- een oortollige intrede (by-intrede)
- toepaslike toonsoorte.

<table>
<tr><td>S</td><td></td><td></td><td>(d)</td><td rowspan="4">(h)</td><td>(i)</td></tr>
<tr><td>A</td><td>Onderwerp / Tema</td><td>(a)</td><td>(e)</td><td>(j)</td></tr>
<tr><td>B</td><td></td><td>(b)</td><td>(f)</td><td>(k)</td></tr>
<tr><td>Toonsoort</td><td>F majeur</td><td>(c)</td><td>(g)</td><td>(l)</td></tr>
</table>

(12)

1.2 Bestudeer die twee uittreksels op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat volg. Elke tydperk verteenwoordig 'n styltydperk in die musiekgeskiedenis.


1.2.1 Identifiseer die styltydperk van elke uittreksel. (2)

1.2.2 Gee DRIE redes vir elk van jou antwoorde in Vraag 1.2.1. (6)

Uittreksel 1 (Augener Uitgawe 1913, bl. 10)




Uittreksel 2 (Augener Uitgawe 1976, bl. 22)




**[20]**

Beantwoord enige TWEE vrae uit Vraag 2, 3, en 4.

**VRAAG 2**
**OPERA**

2.1 Skryf kort aantekeninge oor die oorsprong EN tekstuur van die resitatief. (7)

2.2 Eienskappe van DRIE verskillende operas uit verskillende styltydperke word hieronder genoem.

2.2.1 Identifiseer die DRIE operas.

2.2.2 Kies VIER eienskappe van elke opera uit die onderstaande lys en skryf dit onder die titel in jou antwoordboek neer.

Eienskappe

- Klassiek
- Romanties
- Laat Romanties
- Komponis beïnvloed deur J.S. Bach, J.C. Bach en Haydn
- Komponis ontwerp sy eie operahuis
- Komponis se operas simboliseer ’n vrye en verenigde Italië
- Mitologiese tema
- ’n Boggelrugnar as hoofkarakter
- ’n Vleier van mooi vroue as hoofkarakter
- ’n Koning van die gode as hoofkarakter
- Epiloog in die vorm van ’n sekstet
- Ondeug seëvier in dié opera (15)

2.3 Skryf aantekeninge oor Wagner se gebruik van die *leitmotiv* (leimotief). (10)

2.4 Pas die inligting in **Kolom A** by die korrekte inligting in **Kolom B** (bv. 2.4.9 – J). (8)

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.4.1 | Kombinasie van ernstige en komiese effekte | A | *Singspiel* |
| 2.4.2 | *Idomeneo* | B | *Alceste* |
| 2.4.3 | Gesproke dialoog in plaas van sang | C | Vinnig en humoristies |
| 2.4.4 | *Singspiel* | D | *Don Giovanni* |
| 2.4.5 | Gluck | E | Aria |
| 2.4.6 | ’n Uitstorting van melodie wat ’n emosionele toestand uitbeeld | F | Voorloper van die Duitse romantiese opera |
| 2.4.7 | Lorenzo da Ponte | G | *Opera seria* |
| 2.4.8 | *Opera buffa* | H | Librettist |

**[40]**

## VRAAG 3
## SIMFONIE

3.1 “Elke seksie van die tipiese klassieke orkes het ’n spesifieke rol gehad.” Skryf ’n paragraaf wat hierdie stelling bespreek. (6)

3.2 Bespreek ’n tipiese vier-beweging simfonie in G majeur. Verwys na tempo, karakter, vorm en toonsoort van elke beweging. (8)

3.3 Vergelyk die simfonieë van Haydn en Beethoven met mekaar. (12)

3.4 Skryf ’n kort paragraaf oor toonkleur soos dit in Berlioz se *Symphonie Fantastique* gebruik word. (5)

3.5 Skryf kort aantekeninge oor die neo-klassieke elemente soos deur Stravinsky in die *Psalmsimfonie* aangewend. (4)

3.6 Pas die inligting in **Kolom A** by die korrekte inligting in **Kolom B** (bv. 3.6.6 = F). (5)

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 3.6.1 | *Generalpausen* | A | Haydn |
| 3.6.2 | Gebruik volksmelodieë en komponeer in 'n volksagtige styl. | B | Strauss |
| 3.6.3 | 'n Program gebaseer op 'n 14de eeuse volksfiguur | C | *Coriolanus Ouverture* |
| 3.6.4 | Beethoven | D | Mannheimskool |
| 3.6.5 | Word beskou as die voorloper van die simfoniese toondig | E | Gebruik sinkopasie en dissonans om spanning en opwinding te verkry. |

**[40]**

**VRAAG 4**
**KAMERMUSIEK**

4.1 Gee 'n kort definisie van **kamermusiek**. (3)

4.2 Skryf kort aantekeninge oor die ontwikkeling van kamermusiek. (7)

4.3 Noem EEN komponis van kamermusiek vir elk van die volgende styltydperke:

4.3.1 Klassieke tydperk

4.3.2 Romantiese tydperk

4.3.3 Twintigste eeu (3)

4.4 Noem TWEE kamermusiekwerke van elke komponis gekies in Vraag 4.3. (6)

4.5 Noem die invloede wat aan Bartòk se musiek 'n individuele karakter gee. (5)

4.6 Skryf aantekeninge oor Beethoven se bydrae tot die ontwikkeling van die strykkwartet. (10)

4.7 Pas die inligting in **Kolom A** by die korrekte inligting in **Kolom B** (bv. 4.7.7= G). (6)

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 4.7.1 | *Divertimenti* | A | Schubert |
| 4.7.2 | Deur die laer stemme te ontwikkel, word hulle meer onafhanklik. | B | Schubert |
| 4.7.3 | *Dood en die Meisie* Strykkwartet in D mineur | C | "Nagmusiek" |
| 4.7.4 | Die eerste tema bestaan uit 'n twee-noot en vyf-noot motief. | D | Musiek vir vermaak |
| 4.7.5 | Dieselfde tema word dikwels in ander genres gebruik. | E | Haydn se *Strykkwartet in C majeur*, Op 76, No. 3 |
| 4.7.6 | Bartòk | F | Haydn |

**[40]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**